# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Die Liturgie: Die Votum

**Skriflesing:**
Psalm 124 (2020)
Romeine 8:31-34

**Teksvers:**
Psalm 124:8 (2020)

**Sing:**
Ps 121:1-4
Ps 116:1,7
Ps 124:1-4
Ps 118:3,4
Ps 146:1,3,8
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Ons begin vandag met 'n reeks preke oor die liturgie wat tydens eredienste in die gerefomeerde kerke gebruik word. Alhoewel die liturgiese orde sinodaal vasgestel word, is die bedoeling geensins dat dit elke Sondag identies hoef te wees nie. Die vryheid word aan die liturg oorgelaat en aanpassings in die orde mag selfs help dat alles nie net stereotiep (en dalk effe doods) raak nie.

Die erediens neem sy aanvang met die uitspreek van die VOTUM. 'n Latynse word wat dui op 'n verklaring aan die begin van die samekoms. Letterlik beteken die Latynse woordjie "votum" iets soos verklaring, begeerte, gebed of verlange. Met hierdie kort verklaring verlang ons die teenwoordigheid van die Here en konstitueer ons die heilige samekoms in sy Naam.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Ons lewe in Pottebakkershande

**Skriflesing:**
Jeremia 18:1-23 (2020)

**Teksvers:**
Jeremia 18:6

**HK:** Sondag 9/10

**Sing:**
Ps 8:1, 3, 4
Ps 90:2, 9
Sb 2-2:1, 3
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Soos klei in die hande van die pottebakker, so is die kinders van die Here in sy hande. Hierdie troosvolle woorde laat ons tog ook diep nadink oor alles wat soms in ons lewe gebeur. Die reën en droogte, die goeie en die slegte. God is al die tyd besig om ons te vorm en te maak wat ons moet wees.

Ons staan vanaand stil by die beeld uit Jeremia waardeur die Here ons ook prakties leer hoe ons in Sy vaderlike sorg moet leef en op Hom moet vertrou.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 48 Nr 24 23 Julie 2023**


## Bekyk die stad van God - Ps 48:13

*"Gaan om die stad Sion, trek reg rondom, tel sy torings, bewonder sy mure, bekyk sy versterkings" – Ps 48:13*

As 'n mens na Israel gaan toer en as hoogtepunt op die Olyfberggaan staan en die berg Sion bekyk met *die ou stad Jerusalem*, dan speel die geskiedenis van die stad van Dawid en die bou van die tempel en die verwoesting daarvan voor jou geestesoog af. Jy sien die ontsaglike mure en fortifikasies en dan word jou gees weggevoer na die *nuwe stad Jerusalem* (Openb 21 en 22).

Dit vra egter dat die toerleier jou help om nie by die uiterlike stad stil te staan nie… Jy word herinner dat die kerk/gemeente van God *die eintlike stad van God* is.

Die kerk van vandag is die *ou Jerusalem*, vol gebrokenheid en sonde. Daardie kerk se toekoms is om deur die heiligmaking en groei van die geloof uiteindelik die *ware Jerusalem* te word: geheilig in die bloed van Christus, *skoongewas soos 'n bruid wat vir haar man versier is* (Op 21:2).

Kyk dan na die kerk van vandag en sien haar skanse en toringtranse: 'n vestingstad vir die kinders (volk) van die Here; 'n skuilplek in 'n wilde en wrede wêreld. Die aanslae is groot en die versoekings geweldig. In die kerk is daar skuilplek teen die bose en sy aanvalle.

Bekyk dan Jerusalem se mure (skanse) en torings en paleise: Elke huwelik en gesin is 'n pragpaleis en fort waarin ons, ons veiligheid en krag en vrede vind. Daarom moet u en ek ons huise en huwelike met alle mag teen die vernietigende krag van die bose beskerm. Daar is skuilplek in die kerk en sy bediening. Elke Bybelstudie en Bybelskool en kleingroep en huisgodsdiens en huisbesoek is 'n vesting om na toe te vlug, waar ons weer krag by die Here kan vind. Die heilige eredienste en kategese is soos 'n versterkende besoek aan die tempel waar die Here onder sy volk woon. Jou geestelike vriende en broers en susters is jou stuwalle en fortifikasies waardeur ons weerstand teen die bose opgebou word.

Gaan deur die gemeente van Centurion, bekyk wat die Here gedoen het vir hierdie gemeente en wees bewus van die wonderlike genadegawes wat die Here aan ons elkeen gegee het. Bewaar jou lidmaatskap (attestasie) met 'n heilige erns deur nie net 'n meeloper en toeskouer te wees nie, maar deur jou gawes tot nut en voordeel van die liggaam van Christus aan te wend.

Vervolg bl 5...

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Dien die Here met blydskap

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 14 Ps 25:1,2 Volgende week: Les 15 Ps 25:1,2

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

### KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Instituut vir Teol studentekas

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

***Maandelikse bydraes dmv EFT—Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur* ***bevestigende epos*** *aan admin@gkcenturion.co.za*

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417



# Bybelskool van Centurion 2023

**bied aan**

## *Die Brief aan die Efesiërs*

## *Uitverkies tot lof van Sy heerlikheid*

***Begin datum: 8 Augustus 2023***

***Almal welkom***

**Plek**: Geref Kerk Centurion
Basdenlaan 226, Lyttelton

**Tyd**: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30

**Koste**: R100 pp

**Aanbieder**: Ds Riaan Andersen

**Inskrywings**: Ellouis 012 664 2614 (Kantoor)
Hein Kaiser 082 772 7718

# Die dag van die suurlemoen

Damesoggend 2023



Saterdag, 12 Augustus 9:00

R100 per kaartjie

Kom vind kuier-kuier uit was jy alles met 'n suurlemoen kan doen

Vul asb die google vorm in. Hierdie QR kode sal die google vorm oopmaak:



## Verjaasdae

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 23-Jul | Amanda | Kotze | C15 | 27761908253 |
| | Ria | Nieuwoudt | A05 | 27828752877 |
| | Mieke | vd Smit | C12 | 27746677777 |
| 24-Jul | Esna | Kenworthy | B13 | 27795215830 |
| | Zuiqe | Weyer | A11 | 27832741606 |
| 25-Jul | Poppie | Brits | C08 | 27829405717 |
| | Louise | v Niekerk | A09 | 27814546588 |
| | Maruzell | Vorster | A16 | 27824512001 |
| 26-Jul | Rassie | Erasmus | B13 | 27828950967 |
| 27-Jul | Quintes | Myburgh | B05 | 27662447277 |
| | Thys | Reynecke | C12 | 27827789193 |
| | Francois | Venter | C10 | 27718577894 |
| 28-Jul | Willie | Kruger | B16 | 27795214861 |
| | Gerrie | Smit | C03 | 27826409228 |
| | Sarie | vd Merwe | C02 | 27725004770 |
| | Renske | Verburgh | C08 | 27784345760 |
| 29-Jul | Leonie | Fouché | A13 | 27835715047 |
| | Lappies | Labuschagne | C15 | 27823730461 |
| | Lucia | Stronkhorst | C05 | 27826375362 |
| | Dina | vd Berg | B11 | 27833051305 |
| | Chantel | Venter | C10 | 27723803963 |
| | Chantel | Visser | C05 | 27824578696 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 24-Jul | Danelle | vd Merwe | B06 | 27713822573 |
| 25-Jul | JM | Martinson | C07 | 27826978160 |
| 26-Jul | Alissa | de Beer | B03 | 27729424218 |
| | Mienke | Pretorius | B02 | 27825216870 |
| 28-Jul | Lohan | Dekker | B18 | 27824151034 |
| 29-Jul | Martin | du Plessis | C06 | 27797511957 |
| | Lianka | Hoffmann | A02 | 27832001907 |

## Ons gee om vir Mekaar

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Karen Kirsten sterk aan na 'n operasie (C14—072 082 1547).
- Louis Kruger sterk tuis aan (C6—643 1453).
- Monique vd Merwe sterk tuis aan (A17—072 596 8692).
- Cas Swanepoel sterk aan na 'n operasie (A18—071 331 7862).
- Elmari vd Walt het 'n draai in die hospitaal gemaak (C3—664 2553).
- Charmaine Coetzee het 'n draai in die hospitaal gemaak (C13—011 238 7865).
- Amanda Kotze sterk tuis aan (C15—761908253).
- Annetjie Cilliers sterk aan na 'n operasie (A14—660 0952).
- Retief Snyman sterk aan in ZA hospitaal (A4—347 0401).
- Johan Kotze sterk aan in Unitas hospitaal (C5—083 993 3846).

- ***Meelewing*** word betuig aan Fanie en Elna de Bruin na die afsterwe van Elna se moeder Martie Hoffman wat gedurende die week begrawe is.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

## AANSOEK OM TOELATING TOT TEOLOGIESE STUDIES 2024

Broeders wat as predikante in die GKSA opgelei wil word moet met die goedkeuring van die kerkraad, voor die einde van Julie van die voorafgaande jaar, by die Kuratore aansoek doen om toegelaat te word tot die predikantsopleiding by die Teologiese Skool Potchefstroom.

Inligting, asook aansoekvorms vir toelating tot die studie, kan by die registrateur van die Teologiese Skool aangevra word by curators@gksa.co.za

Volledige aansoeke moet dan teen 1 Augustus 2023 by die registrateur ingedien word.

---

**Betroubare huishulp benodig kamer** vir verblyf in Centurion. Skakel Nic Opperman 079 892 9910.

### Eljada Huis

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kook-olie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, was-poeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêredoekies.

### GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 19:00

\- - - - - -

## Ouventus (25 plussers)

Woensdag om 19:00

26 Julie 2023

**Die doel was dat, soos die sonde deur die dood heerskappy gevoer het, die genade deur die vryspraak ook heerskappy kan voer en tot die ewige lewe kan lei deur Jesus Christus ons Here.**

*Romeine 5:21*

### Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin

**1 Aug om 18:30** in die konsistorie

Bevestig asb met:

ds Lourens 082 5292 330/

Kerkkantoor 012 664 2614



... vervolg vanaf bl 1

Bekyk hierdie stad as heilige vesting. Doen dit biddend. Dankend. Bid vir jou ampsdraers en leraars en medegelowiges. Dra die bediening op in gebed en weet dat ook gelowiges van die breër kerkverbande saam met ons in dieselfde stryd (en belydenisse) staan as medewerkers en mede-arbeiders en medestryders in die koninkryk van God.

Laat Sionsberg weerklink van vreug!

*"Aanskou die stad met skanse,*

*Paleise, toringtranse -*

*hoedat hul pryk met nuwe prag.*

*En meld dit aan die jong geslag…"*

*(Ps 48:5 berymd)*

Ds Maarten

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**23 Julie**

| | |
|---|---|
| Hester vd Merwe | Blok B |
| Wilmarie Rheeders | Blok B |
| Simone du Plessis | Blok C |



**30 Jul**

| | |
|---|---|
| Phia Lombard | Blok B |
| Cecilia Wolmarans | Blok B |
| Tia Grünenfelder | Blok C |

